Publication: Burger (Oos Kaap)
Date: 23 Mar 2016
Page: 15

# ’n Omkeer in sewe stappe

**Suid-Afrika het genoeg geld om ingrypende veranderings aan die onderwysstelsel aan te bring, maar die leierskap en politieke wil kom kort, glo prof. Piet Naudé, die direkteur van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool. Heindrich Wyngaard verduidelik.**



**Prof. Piet Naudé, die direkteur van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool.** Foto: EDREA DU TOIT

Pas in ’n rubriek in die internasionale sakeblad *Financial Times* het David Pilling – onder die opskrif “South Africa’s rainbow starts to fade” – ’n nugtere oorsig gebied oor die stand van ongelykheid, ofte wel “ekonomiese apartheid”, in Suid-Afrika.

Die enigste oplossing om dié situasie op die lange duur reg te stel, doen die *Financial Times* se Afrikaredakteur dan aan die hand, “is ’n radikale opknapping van ’n onderwysstelsel wat die swart meerderheid liederlik in die steek gelaat het”.

Nader aan die huis was prof. Piet Naudé, die direkteur van die Universiteit Stellenbosch se Bestuurskool (USB), oor dieselfde kwessie besorg toe hy onlangs op die USB en die Instituut vir Toekomsnavorsing se seminaar “SA 2016: What lies on the horizon?” oor die onderwys gepraat het.

Naudé, ’n bekende teoloog en filosoof, het sy aanbieding begin deur die gehoor te vertel van ’n verbeelde oproep wat hy van pres. Jacob Zuma ontvang het. Dié sou by hom wou weet wat hy sou doen indien hy as minister van onderwys aangestel sou word.

Naudé het sewe aanbevelings voorgehou – wat hy met Zuma sou deel as die oproep wel plaasgevind het – oor hoe ’n ommekeer in die onderwys bewerkstellig kan word.

**Voeding, finansies en maatskaplike omstandighede**

Die prentjie lyk tans só: Meer as 3 miljoen kinders kom soggens ondervoed of honger by die skool aan. Net ’n derde van alle skoolgaande kinders woon saam met albei hul ouers, en daar was ’n toename van 27% in leerders wat van maatskaplike toelaes afhanklik is. Teen 2013 was reeds meer as 73% van die leerders in die land by geenskoolfonds-skole ingeskryf.

Naudé het gesê: “Die voorkoms van ongelykheid is nie sonder meer op ras gegrond nie. Onderwys het die magtigste klasse-onderskeidingsfaktor in Suid-Afrika geword. Nie meer soseer waar jy eet of watter motor jy ry nie, maar watter skool jy bywoon, want dít voorspel jou toekoms. Navorsing toon dat jy reeds in graad vier kan bepaal watter kind uiteindelik universiteit sal haal.”

Geen kind kan ten volle aandag in die klaskamer gee as hy of sy honger is nie, aldus Naudé. Net so kan geen kind werklik dink as hy of sy koud kry nie. Daarom is Naudé heeltemal ten gunste van staatstoelaes, waardeur die armstes ’n geleentheid kry om hul omstandighede ietwat te verbeter.

“Toe die Afrikaners deur die Groot Depressie platgeslaan is, het kerke en ander organisasies by skole aangekom met brood, appels, skoene en klere,” het hy vertel. “Hulle het gesê as jy honger is, kan jy nie leer nie.”

**Skep basiese infrastruktuur deur ‘PPPs’**

Naudé het die gehoor meegedeel dat meer as 700 skole landwyd sonder elektrisiteit moet klaarkom, meer as 1 000 sonder lopende water; dat byna 11 500 nie spoeltoilette het nie, 22 000 nie voldoende rekenaars het nie en 23 500 gebrekkige laboratoriums het.

“Ons is ’n gesofistikeerde land wat ’n Wêreldbeker-sokkertoernooi suksesvol kon aanbied, maar hierdie situasie met betrekking tot infrastruktuur by soveel skole staar ons in die gesig.

“Hoekom roep die regering nie die groot konstruksiemaatskappye byeen wat met die einste 2010-toernooi soveel geld gemaak het en vra hulle om te help dat ons deur middel van ‘Public Private Partnership’-vennootskappe die infrastruktuur-agterstand binne 24 maande uitwis nie?” wou Naudé weet.

**Moedertaalonderrig**

Die derde aanbeveling is dat moedertaalonderrig in die vroeë ontwikkelingsfase (nul tot vierjarige ouderdom) verbeter en uitgebrei moet word. In 2013 het byna 70% van die kinders in hierdie ouderdomsgroep geen formele onderrig ontvang nie. Daarby het onderrig in Afrikaans en Xhosa met onderskeidelik 15,9% en 16,2% gedaal, terwyl dié in Engels met 7,6% toegeneem het.

“Jy kan enigeen wat in die onderwys betrokke is, vra in watter stadium die menslike brein die meeste inligting in die kortste periode inneem – dit is tussen die jare nul en vier,” het Naudé benadruk. “Wat gebeur, is ’n beweging na Engels, maar dit is oor en oor bewys moedertaal is die beste [voertuig] om die eerste konsepte by iemand vas te lê.”

**‘Tweestroom’-hoërskoolstelsel**

Net 15% tot 17% van die leerders matrikuleer met universiteitstoelating.

Naudé stel ’n hoërskoolstelsel voor wat van gr. 8 in twee strome aangebied word: die een sterk akademies en die ander met ’n fokus op vaardigheidsontwikkeling op onder meer tegniese en landbougebied.

Dié benadering sal in ooreenstemming met die behoeftes van die land se ekonomie geskied. Naudé sê die meeste leerders sal dan doelbewus in die rigting van vaardigheidskole gestuur word. Hy noem Duitsland as ’n land waar dié stelsel met groot sukses toegepas word; dáár is skole soos dié in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel gering teenoor vaardigheidskole.

“Dit beteken die meeste kinders sal nie skole bywoon soos wat ons dit tans ken nie, maar in skole vir toegepaste vaardigheidsontwikkeling onderrig word. Ons moet net leer dat dit geen maatskaplike skande is om ’n tegniese skool by te woon nie,” het Naudé benadruk.

Dié fokusverandering kan help dat meer skoolverlaters werk kry of hul vaardighede gebruik om hul eie werk te skep. Wat kan skoolverlaters in elk geval vandag met matriek doen, terwyl daar so baie (by die 70%) is wat matriek met tersiêre toelating slaag?

**Onderwys as ’n noodsaaklike diens**

Naudé se vyfde aanbeveling lui dat die onderwys professioneel geanker moet word, tot noodsaaklike diens verklaar moet word en die mag van onderwysvakbonde beperk moet word.

Stakings behoort net in vakansietyd toegelaat te word en nie wanneer onderrig ontwrig sal word nie, het Naudé gesê.

Beurse moet aan ondergekwalifiseerde onderwysers toegeken word om hulle op peil te kry. Indien dit ná drie jaar nog nie gebeur het nie, sal diesulkes se werk in gevaar wees.

Die invloed van ’n vakbond soos Sadou moet beperk word. Hy stel die regte van onderwysers bo dié van kinders se reg om onderrig te ontvang.

**Meer opleidingskolleges, minder universiteite**

Die naskoolse stelsel moet dramaties aangepas word, het Naudé aanbeveel, met ’n toename in opleidings- of VOO-kolleges (verdere onderwys en opleiding, FET in Engels) van die huidige 50 tot minstens 200. Omgekeerd – en ietwat omstrede, het hy erken – het Naudé aanbeveel dat die land se universiteite (tans 25) verminder moet word.

’n Land se onderwysstelsel kan nie ontwerp word op grond van “politieke geografie” nie, aldus Naudé. “Dit is belaglik dat jy elke provinsie ’n universiteit wil gee. Jy baseer toegang tot hoë onderwys op ander oorwegings, meestal opvoedkundig.”

Wat belangrik is, is dat lewenslange leerroetes geskep moet word. Mense moet na ’n VOO-kollege kan gaan, ’n oorbruggingskursus kan volg, na die eerste jaar op universiteit kan vorder en met ’n PhD-graad kan eindig.

**Verhoog belegging in navorsing en ontwikkeling**

Selfs al lewer Suid-Afrika se onderwysstelsel nie die resultate wat die land verdien nie, is daar gebiede waar ons merkwaardig goed geposisioneer is om wêreldleiers te wees en globaal erken te word vir wat ons doen. Maar ons besteding op navorsing en ontwikkeling het tot minder as 1% van die bruto nasionale produk gedaal teenoor die gemiddelde internasionale besteding van minstens 2,5%.

Die land het die geleentheid om veral op die volgende gebiede goed te vaar: nanotegnologie, astronomie, inheemse kennisstelsels, biotegnologie en volhoubare energie.

Volgens Naudé bestaan begrotingsbeperkinge vir onderwysbesteding nie. Die vraag is of die leierskap en die politieke wil bestaan om die moeilike besluite te neem om die onderwysstelsel om te keer. Hy glo nie so nie.

Soos Pilling in die *Financial Times* óók geskryf het: “Tensy Suid-Afrika ’n geskoolde werkmag kan oplei wat globaal mededingend is, sal dit nooit die [ekonomiese] groeikoerse bereik om die armoede- en ongelykheidskringloop te verbreek nie.”



*Wyngaard is verbond aan die US se Bestuurskool.*

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission